| |
|---|
| Reportable: YES / NO<br>Circulate to Judges: YES / NO<br>Circulate to Magistrates: YES / NO<br>Circulate to Regional Magistrates: YES / NO |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saakno: 48/07/200**

**Datum Gelewer: 25/05/2007**
In die saak tussen:

## SectionI.1 Die Staat

teen

## SectionI.2 Jerry Tamma Louw & Andrew Thobithe Tobi

***Coram:*** Olivier R et Tlaletsi R

**UITSPRAAK OP HERSIENING**

***OLIVIER R:***

1. Die beskuldigdes, mnr Jerry Tamma Louw (beskuldigde 1) en mnr Andrew Thobithe Tobi (beskuldigde 2), is in die landdroshof skuldig bevind op 'n aanklag van roof op mnr Elias Vis (aanklag 1) en 'n aanklag van aanranding op me Rebecca Bojosi (aanklag 2). Hulle is elk op die aanklag van roof gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf en op die aanklag van aanranding tot 'n boete van R300 of 3 maande gevangenisstraf. Beide die beskuldigdes was onverteenwoordig tydens die verhoor en die saak dien nou op outomatiese hersiening.

2. Die Staat se saak, by monde van die klaers Vis en Bojosi, was dat hulle in die aand langs 'n pad deur twee mans aangeval is. Die beskuldigdes het op beide die aanklagte onskuldig gepleit, alibi's opgewerp en ontken dat hulle enigsins bymekaar was op die betrokke stadium. Wat dus wesenlik in geskil was, was die identiteit van die aanvallers.

3. Dit is geykte reg dat getuienis aangaande identiteit versigtig beoordeel moet word en dat sodanige getuienis nie alleen geloofwaardig moet wees nie, maar ook inderdaad betroubaar (sien **S v Charzen and Another** 2006 (2) SACR 143 (SCA) op 147i-148a).

4. Afgesien daarvan dat daar geen melding van hierdie beginsels gemaak is in die uitspraak van die landdros nie, is daar ook geen aanduiding in die uitspraak dat hierdie benadering gevolg is nie. Daar is bloot telkens klem gelÍ op die indruk wat Vis en Bojosi as getuies gemaak het (wat wel tersaaklik sou wees ten aansien van geloofwaardighed) en hoe seker hulle in hulle eie gemoedere was van hulle uitkennings; wat natuurlik nooit deurslaggewend kon gewees het nie.

5. Om die een of ander rede is geen uitkenningsparade ooit gehou nie. In plaas daarvan het die Staat besluit om te steun op die uitkenning van die beskuldigdes in die Hof, die twyfelagtige waarde waarvan ook reeds gykte reg is (sien **S v Maradu** 1994 (2) SACR 410 (W) op 413i-j en **S v Moti** 1998 (2) SASV 245 (HHA) op 257h).

6. Selfs in die aanbied van die getuienis tot hierdie effek is egter tot so 'n mate onreëlmatiglik te werk gegaan dat daar na my mening 'n regskending plaasgevind het. Vir die klaer Vis is byvoorbeeld blatant leidend gevra *"Meneer, die twee mense voor die Hof, is dit hulle wat jou geroof het?"*, waarop Vis toe natuurlik bevestigend geantwoord het.

7. Net tot hoe 'n mate hierdie leidende vraag tot die beskuldigdes se nadeel gestrek het, blyk daaruit dat dieselfde getuie, toe dit aan hom gestel is dat die beskuldigdes alibi's opgewerp het en ontken het dat hulle op die toneel was, geantwoord het dat hy nie weet nie. Hy het verder toegegee dat die beligting op die toneel nie goed was nie en het later ook toegegee dat hy eintlik glad nie vir beskuldigde 2 op die toneel gesien het nie.

8. Ek meen dat mnr Vis se getuienis totaal onaanvaarbaar was vir die doeleindes van uitkenning en dat die landdros dus misgetas het deur te bevind dat daar onder andere met sy getuienis *"geen probleem"* was nie.

9. Wat me Bojosi betref, wil dit tog op die oorkonde lyk asof sy 'n beter getuie moes gewees het. Die landdros het op my navraag meegedeel dat, wat betref 'n oënskynlike wesenlike weerspreking in haar getuienis, die oorkonde foutief getranskribeer is. Selfs al word dit aanvaar, is die feit weereens dat haar uitkenning van die beskuldigdes in die Hof gedoen is en dat dit ewe blantant deur die aanklaer aan haar gesuggereer is dat

die beskuldigdes voor die Hof inderdaad die aanvallers was.

10. Sonder dat sy eers ooit pertinent gevra is of sy die aanvallers in die Hof kon sien, is daar in die aanbied van haar hoofgetuienis deur die aanklaer eenvoudig van die standpunt uitgegaan dat sy, in haar getuienis oor die twee aanvallers, besig was om te verwys na die beskuldigdes; wat op net so ‘n onbedekte suggestie neergekom het as in die geval van die ondervraging van mnr Vis.

11. So, byvoorbeeld, het die aanklaer, nadat Bojosi beskryf het hoe die twee aanvallers op haar en Vis afgekom het, sommer aan haar gevra: *“Wie van die twee Beskuldigdes het na jou toe gegaan?”*. Dieselfde ding het op meerdere geleenthede in die hoofondervraging van Bojosi gebeur. Die landdros verduidelik dat dit ‘n onervare aanklaer was wat die saak hanteer het, maar die feit bly dat die aanklaer nooit gestop of reggehelp is nie en dat toegelaat is dat dieselfde tipe suggestie by meerdere geleenthede tydens die ondervraging van die twee getuies geskied.

12. Om sake te vererger het dit geblyk dat, toe die twee klaers ná die voorval mense daarvan vertel het, daar vir hulle gesÍ is dat dit geklink het of dit die twee beskuldigdes kon wees. Die klaers het self glad nie die beskuldigdes geken nie en hierdie tipe bespiegeling moes al opsigself in hulle gemoedere ‘n sterk rol gespeel het toe dieselfde twee persone in die Hof verskyn het as beskuldgides.

13. Verder was dit gemenesaak dat die klaer Vis die dag na die voorval sy lyfband (wat een van die items was wat van hom geroof is, tesame met sy skoene en sy broek) in die besit gevind het van ene mnr Josia Olifant, wat dit op sy beurt onvang het van mnr Bennie Saal. Daar is oënskynlik geen verbintenis tussen Saal en enige van die beskuldigdes nie.

14. Saal is deur die landdros geroep as ‘n getuie en het getuig dat hy die lyfband en die skoene die oggend na die voorval opgetel het. Sy getuienis was aanvanklik dat hy dit in die straat opgetel het, maar later het hy beweer dat hy dit in die

veld opgetel het. Toe Vis hom nog op die dag na die voorval gekonfronteer het daarmee dat Saal na die voorval in besit van sy lyfband was, het Saal nie vir hom vertel dat hy ook die skoene gehad het nie. Volgens Saal het hy egter later die skoene aan die polisie oorhandig.

15. Afgesien van die weerspreking in Saal se getuienis oor waar presies hy die goed sou gevind het en sy verdagte optrede toe hy deur Vis gekonfronteer is, is daar geen verduideliking van hoe, indien dit die beskuldigdes was wat Vis en Bojosi aangeval het, die goedere in die straat of in die veld sou beland het nie.

16. Die gehalte van die Staat se saak ten aansien van die uitkenning van die aanvallers het na my oordeel ver kort geskiet van die standaarde waaraan sulke getuienis behoort te voldoen. Ek moet onmiddellik byvoeg dat die beskuldigdes se getuienis, en dié van hulle getuies met betrekking tot hulle alibi's, ewe swak en vol weersprekings was. Dit kan egter nie opsigself 'n gebrekkige staatsaak aanvul of herstel nie (sien **S v Ngcina** 2007 (1) SACR 19 (SCA) op 25c-g).

17. In die lig van die voorgaande is ek nie tevrede dat die skuldigbevindings van die beskuldigdes ooreenkomstig die reg is nie. Bygevolg word die volgende bevel hierin gemaak:

**Beide die beskuldigdes se skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 1 en 2 word tersyde gestel.**

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Ek stem saam.

____________________________

P L TLALETSI
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

**(i)**